Verwysing: 20161010-4909
12/2/10/3
Navrae: C Adriaans

Kennis-en-inligtingsbestuursminuut: 0001/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale van gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: 2017 Kitsopname vir gewone openbare en onafhanklike skole, Taal van Leer en Onderrig en leerdervakveranderinge

1. **Kitsopname 2017**

a. Die jaarlikse Kitsopname vir gewone openbare en onafhanklike skole sal gebruik word vir die administrasie en bestuur van skole, asook die verskaffing van hulpbronne vir 2017.

b. Die Kitsopname vir gewone openbare en onafhanklike skole moet voltooi en teen 24 Januarie 2017 deur die prinsipaal op SOBIS afgeteken word. Kringbestuurders moet die data van die aanlyn- SOBIS Kitsopname voor of op 27 Januarie 2017 afteken.

c. Voor die aftekening op SOBIS, moet die prinsipaal of sy/haar afgevaardigde seker maak dat die volgende gedoen is:

i. Alle leerders wat geregistreer is en skool vir 2017 bywoon, moet in hul korrekte graad en klas op SOBIS verskyn.
ii. Leerders wat ingeskryf het, maar teen 24 Januarie 2017 nog nie by u skool vir inskrywing aangemeld het nie, moet gederegistreer word, soos deur die leerderteenwoordigheidsbeleid bepaal word. (Hierdie leerders kan op SOBIS herregistreer word indien hulle ná 24 Januarie 2017 vir toelating aanmeld.)
iii. Die lys met onderwysers op SOBIS moet bygewerk en geverifieer word, soos op 24 Januarie 2017, en hul aanstellingstatus op SOBIS moet bevestig word. 'n Personeelopsommingskerm op SOBIS sal outomaties met die geverifieerde opvoedersdata ingevul word. Die vasleggingskerms wat die getal personeel by die skool weergee, moet akkuraat voltooi word.
iv. Die aftekeningsgedeelte van die opname moet voltooi word.

2. **Taal van Leer en Onderrig**

Prinsipale moet seker maak dat die taalvakke en die Taal van Leer en Onderrig (TLO) voor die einde van Februarie 2017 vir elke leerder korrek vasgelê word. Data-aftekeningsverslae vir vakke en die TLO sal in Februarie 2017 op SOBIS verskaf word.

3. **Leerdervakveranderinge**

   Die vakke vir alle grade moet vir korrektheid nagegaan word. Skole wat graad 12 aanbied, moet seker maak dat vakveranderinge teen 27 Januarie 2017 vir aftekening afgehandel is. **Die vakverandering-versoekfasiliteit vir graad 12-leerders sal slegs tot einde Januarie 2017 beskikbaar wees.**

4. Die gehalte van OBIS-data sal gekoppel word aan norme-en-standaarde-oordragbetalings. OBIS-datavoldoeningsverslae sal vanaf 09 Januarie 2017 op SOBIS vir prinsipale beskikbaar wees. Die prinsipaal moet die koördinering van hierdie vereiste take bestuur om akkurate data op SOBIS te verseker.

5. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement stel die databydrae en die toewyding van alle onderwysamptenare in 2016 op prys. Ons sien uit na u voortgesette ondersteuning in 2017.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-12-15